**Skriflesing:** Mattheus 5:17 – 26 (1933 ’53 Vert)
Teks: **Mattheus 5: 21-22**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 71:1, 9**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 66: 1, 7; Ps. 40: 4,5; Ps. 48:5; Ps. 40:3**

**Mattheus 5:21 – 26**

Mat 5:17  Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.
Mat 5:18  Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.
Mat 5:19  Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel.
Mat 5:20  Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.
Mat 5:21  Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.
Mat 5:22  Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.
Mat 5:23  As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het,
Mat 5:24  laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.
Mat 5:25  Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie.
Mat 5:26  Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.

**Skriflesing:** Mattheus 5:17 – 26 (1933 ’53 Vert)
Teks: **Mattheus 5: 21-22**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 71:1, 9**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 66: 1, 7; Ps. 40: 4,5; Ps. 48:5; Ps. 40:3**

Broeder en suster, die vorige keer het Jesus dit duidelik gemaak dat Hy is ’n mens van die Ou Testament, nog duideliker dat Hy is ’n Man van die Wet.  Soos Hy dit gestel het- *17 MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. 18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.*  Ons het gesien hoe Jesus langs Moses kom staan, want was Moses ook die een wat die Wet uit die hand van die Here ontvang het.  Op die berg het Moses geklim die dag van die wetgewing, as Jesus vandag vir ons uit die Wet van die Here preek dan doen Hy dit ook van ’n berg af. Ná Moses het Elia as profeet gekom, Elia was weer een wat ons kan noem die een wat die Wet gehandhaaf het.  In alles het vir Elia die Wet gegeld.  Ook kon ons dit sien in die reeks wat ons onlangs rondom Elia gehad het.

Jesus wat méér is as Moses, méér as Elia, Jesus preek nie net oor die Wet van die Here nie, maar Hy preek ook vanuit die Wet van die Here. Ons teksverse is baie duidelik 'n preek uit die Wet van die Here, ja 'n preek wat baie duidelik met die sesde gebod saamgaan- Die gebod wat ons vanoggend ook weer gelees het - *Jy mag nie moord pleeg nie,* of soos die ouer vertaling dit stel- *Jy mag nie doodslaan nie.* As Jesus die Wet van die Here verkondig dan hou Hy Hom by God se Wet maar moet ons ook onthou wat Jesus gesê het Hy met hierdie Wet op aarde wil kom doen. Hy wil en sal dit volmaak. Hy sal dit in alles vervul. Nie eers 'n letter of letterstrepie, nie 'n jota of titteltjie van die Wet sal verbygaan totdat alles gebeur het nie. In Jesus het die lewe sy volle betekenis moes kom kry. Ja, mag ek dit sterker stel, Jesus gee vandag nog aan die lewe betekenis. Sonder Hy wat Jesus Christus is, het die lewe waarin ons nou is waarlik geen sin en betekenis meer nie.

Daarom om aan die lewe sy volle betekenis te kom gee, het Jesus met die Wet in die hande dit dan ook gesê, Matt. 5 vers 17- die 2020 Vertaling- *"Moenie eers daaraan dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete af te skaf nie. Ek het nie gekom om af te skaf nie, maar om te vervul.* Jesus gee aan die lewe sin en betekenis en Hy wil dit doen vanuit die vervulling van God se Wet. En nou moet ons dadelik ook weer onthou waarmee begin hierdie Bergpreek van die Here. Dit is nie 'n wettisistiese preek nie, alles behalwe. Gebod op gebod, reël op reël, daarvan moet jy en dit mag jy nie, née Jesus begin sy preek met jou lewe in diepe geluk, in diepe seëninge gedoop. *Salig is jy, salig is jy ....* In elke saligspreking sit daar ware geluk, ware seëninge opgesluit. Dit sit daarin opgesluit maar dit is net Hy wat die Christus is wat dit vir ons kan oopsluit. Opsluit ... oopsluit dit was deel van Jesus se lewe en werk op aarde. Jesus het Homself laat opsluit, weggelei na die kruis, vasgespyker, maar daarmee het Hy vir ons die lewe oopgesluit.

***

Baie duidelik gaan dit vir Jesus om die lewe, die ware lewe, die ewige lewe, die lewe in Hom. Dan is dit sekerlik ook dié rede as Jesus besig is met die grondwet van God se koninkryk en Hy maak aan ons duidelik hoe om as geseënde in die koninkryk van God te lewe dat Jesus dadelik met die sesde gebod groot erns maak as Hy God se gebooie direk in die koninkryk begin toepas. Die gebod wat handel om die beskerming van die lewe. Dit wat die Kategismus nie anders aan ons voorhou, anders as wat Jesus dit self verkondig het nie. Sondag 40 V/A 105- **Wat eis God in die sesde gebod?** En dan ons belydende antwoord - ***Ek mag nie self en ook nie deur iemand***

***anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar. Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie. Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer.***

Die volgende vrae wil op dieselfde gebod net nog groter helderheid gee. Vraag 106- **Praat hierdie gebod net van doodmaak? ...** ***Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns, haat , woede en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord.***

Ons kom duidelik agter as Jesus met die grondwet van sy koninkryk besig is, dan wys Hy hoe maklik en hoe gevaarlik hierdie heimlike moord in jou en my lewe plaasvind. Vers 21- *Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. 22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.*

***

As ons dan mooi begin nadink dan hoor ons baie duidelik hoe ernstig Jesus is as dit gaan om ons verhoudinge onderling. Die verkeerde hantering van die verhoudinge kan jou die vlamme van die hel laat sien en voel. Woede, haat, slegte verhoudinge is nie kinderspeletjies nie en moet ook nie met ander hierdie spel speel nie. God laat nie met Hom speel nie! En ons moet steeds hier in gedagte hou ’n burger van God se koninkryk is ’n mens wat anders dink en anders doen. Anders as die wêreldling. Die manier van hoe ons as kinders van God se koninkryk lewe bring ons dikwels in stryd met hoe die wêreld is en hoe die wêreld sy aggressie openbaar. Ja, die wêreld is ’n aggressiewe plek, is ’n plek vol haat, vol nyd, vol agterdog, vol jaloesie, in die wêreld het die werklikheid van heimlike moord dikwels die oorhand.

Daarom dat God ons deur Christus so duidelik waarsku dat jy as jy kwaad word moet jy soveel te meer jou woorde tel. Dit wat ons vir mekaar sê het ook alles met reg en verkeerd te make. As Jesus ons teksverse vandag inlei dan staan dit vooraf duidelik jy moet God se geregtigheid voor

oë hou. Vers 20- *Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.* Dit is baie sterk uitsprake. Daardie andersheid wat by ons moet wees, soveel anders moet ons God se geregtigheid nastreef as hoe die Skrifgeleerdes en die Fariseërs dit gedoen het. God se geregtigheid is iets waarin jy jou moet verdiep, jy moet daarin gedompel wees, dit moet iets wees wat jy in elke situasie van jou lewe jouself moet afvra waarmee is ek regtig nou besig.

Ons ou tongetjies wat so maklik losraak. Ja het Jakobus ons ook gewaarsku, waar ons besef die hele brief van Jakobus, Jakobus wat Jesus se broer was, 'n ander kind van Josef en Maria gryp in sy totaliteit en in sy struktuur weer terug na hierdie eerste preek van Jesus op aarde. Daar is so baie wat in die Jakobus brief staan wat dieselfde lyn volg as hoe Jesus se Bergpreek saamgestel is. Dan noem Jakobus die tong 'n klein ledemaat, wat hom op groot dinge beroem. 'n Klein vuurtjie wat 'n groot bos aan die brand kan steek. Die tong met sy groot mag sien Jakobus in aansluiting by sy Broer se Bergpreek as *'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe, van die geboorte af tot die dood toe, aan die brand, en self word dit uit die hel aan die brand gesteek* (83-Vert).

Jakobus stel dit beslis nie sagter as sy Broer Jesus nie. Ek kan miskien dink ek voel goed, selfs baie goed as ek iemand nou behoorlik kon slegsê, maar ek werk nie met die oorvloed van God se reg nie. Net deur wat jy 'n ander kind van God noem as jy kwaad is, is al strafbaar. Die ouer Vertaling praat van sonder rede, of beter vertaal sonder gegronde rede kwaad is, begin gewoonlik met 'n heimlike emosie. 'n Gevoel, iets wat nog nie openlik tot uitbarsting kom nie. Jesus maak dit duidelik, besweer daardie euwel. Moet nie dat dit aan jou vatplek kry nie, want dan speel jy alreeds met vuur. Kain se woede het ook so begin. Hy was sonder rede kwaad vir sy broer. EN so het hy die eerste moord nie op wêreldse terrein nie, maar op kerklike terrein bedink. Dit is verskriklik om te dink die eerste moord is kerklik bedink, dit het begin by 'n offer en rondom 'n altaar geëindig. 'n Geloofsaak, 'n altaar saak 'n kerklike saak wat moordgedagtes bring! En hierdie is maar die eerste graad van woede.

Jesus onderskei dan ook 'n tweede graad van woede. ... *elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad.* Hier kom die heimlike woede nou tot openlike

aggressie. As Jesus sê iemand wat so sy aggressie op iemand anders uithaal moet 'n kerklike saak gemaak word. In ons terme die kerkraad wat Jesus hier dan noem die groot raad moet nie sulke woede duld nie. As kerk en as kerkraad hierdie woede te vêr laat gaan dan sal dit oorloop in die derde graad van woede, waar jy al by die eerste graad van woede jouself moes bedink het en jouself moes bekeer het.

Die derde graad van woede beskryf Jesus dan in baie sterk taal. *Elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur ...* Onbeheerde woede is baie duidelik in die grondwet van God se koninkryk nie iets waarmee God sag te werk gaan nie. Ons het hierdie ondergang van jou en my lewe nou al 'n tweede keer in Jesus se Bergpreek gehoor, as ek my nie daaraan gaan steur nie, maak ek die hekke van die hel self oop.

Vers 20 het Jesus gesê *... Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie."* Dan weer vers 22- As ek eendag buite God se koninkryk myself bevind dan is ek buite, dan is dit hel daarbuite. Daar is nie tussen-in plekkies en verskonings nie! So het ons baie duidelik God se waarskuwing vandag teen onbeheersde woede en aggressie kon hoor, ja Jesus begin sy preek juis by hierdie punt. Waar Jesus later sal oorgaan tot die sewende gebod, wat spesifiek in vers 28 begin. Tog is Jesus met die sesde gebod nie klaar nie ...

Ons het weereens hierdie wonderlike alternatief waarmee ons as kinders van God ons andersheid in hierdie wêreld ook mag raaksien. Iets wat ons belydenis in die Kategismus ook goed raakgevat het. V/A 107 werk ook met hierdie alternatief- Die vraag is - **Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?** Dan kom die pragtige antwoord- ***Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen.***

*******

Dit is weereens nie maklik om te doen wat Jesus hier gepreek het nie. Tog het God se Woord en ons belydenis rondom hierdie woord 'n baie effektiewe en Godverheerlikende manier hoe ons

ons woede en die slegte gevolge daarvan kan hanteer. Ons as kinders van God is geroep tot die bediening van die versoening. Dit is God se antwoord aan jou en my as woede en haat van iemand anders jou wil oorrompel. Ja, vers 22 spel 'n baie slegte gevolg uit as ek nie bereid is tot die bediening van die versoening nie. Versoening beteken inkort om weer heel te maak. Verhoudings moet herstel word. Presies dit wat God in Christus met ons kom doen het. Deur die voltooide werk van Jesus Christus aan die kruis het Jesus as bemiddelaar van God ons met Hom versoen. Hy het die prys betaal dat daar versoening en vrede tussen God en ons kon kom.

Uit onsself sal ons nooit bedienaars van die versoening kan wees nie. Ons wat uit onsself dood is in ons sonde, ons is op geen manier in staat om onsself te red nie, alleen God in Christus kon dit doen. En dit wat Christus alles kom doen het vat Paulus so mooi saam in 2 Kor. 5:18 - *18 En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het ...*

Hoe duidelik staan dit ... ook aan jou en my het God die bediening van die versoening gegee. As kind van die koninkryk van God het ek en jy 'n baie groot verantwoordelikheid as dit kom by waarmee vv 23-24 ook by uitkom- *23 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, 24 laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe ...* 'n Kerklike dankoffer kan nie geskied sonder die gewete nie, sonder die besef ek moet met God en my naaste versoen wees as dit gaan om wie ek voor God is. Is ek dankbaar, is ek versoen met God en met dié een vir wie ek dalk baie kwaad is. Versoening is op geen wyse tussen kinders van God onderhandelbaar nie. Daar rig 'n verpligting op elke kind van God dat versoening uitgeleef en nagestreef moet word.

Ek moet nie by God se altare, of in ons geval by 'n Nagmaalstafel wil kom aansit met 'n mentaliteit van ek sal my nie versoen met God en sy gemeente nie. Of ek sal my nie versoen met die mens wat ek teen daardie mens iets het nie. Los jou gawe net daar en gaan maak eers reg. Baie duidelik beskryf God hierdie versoening as 'n dringende saak. Maak nie saak op watter terrein die versoening noodsaaklik is nie. In die huisgesin, by die werksplek, in die gemeente, in die gemeenskap, dieselfde noodsaak geld orals! Ons besef ook dat die versoening is nie gebaseer op ons menslike inspanning of harde werk nie, maar dit kan alleen die werk van God deur sy

Gees in ons wees.  Daarom vergeet van die houding van ek sal vergewe maar nie vergeet nie. Dit sal jou en my nêrens bring nie en as dit ons iewers bring dalk net nader aan die poorte van die hel.  Daar waar ons nie wil wees as dit gaan om die ewige lewe nie.

Mag God ons ook in die opsig deur Jesus se preek en deur hierdie preek vandag maak 'n nuwe skepping dat onsself ook soos agente van versoening in hierdie wêreld kan wees.  Versoening vereis ten diepste 'n hartsverandering en is in geen opsig jou besluit of jy wil of jy nie wil nie. As jy nie wil nie dan moet jy dit vir Christus sê dat sy woorde geld nie vir jou nie.

As daar tans in jou en my baie woede is, mag God jou daarvan bekeer om die versoening na te streef. Ek as't ware die werk van versoening my eerste prioriteit maak en dat die Heilige Gees ons harte en gesindhede so sal verander dat dit nie vir my moeilik sal wees om as versoende voor God en my broer of suster te staan nie, één  vir wie ek dalk baie kwaad was.  Laat ons dit aan mekaar bedien en mag jy die altaar van God nader met 'n oortuiging ek kan hiernatoe kom, want God het weggeneem dit wat skeiding gemaak het tussen Hom en ons, maar ook dit wat tussen ons skeiding gemaak het.  God het dit weggeneem!  As alles weer na 'n punt gebring moet word dan is een van die tien saligsprekinge tog maar weer waaroor dit alles gaan-  *Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.*

AMEN